

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II

Tyd: 3 uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. In hierdie vraestel is daar TWEE afdelings:
 - Afdeling A: Letterkunde (Drama en Prosa)
 - Afdeling B: Transaksionele Skryfwerk
 3. Beantwoord twee vrae uit Afdeling A en twee vrae uit Afdeling B.
 4. In Afdeling A is daar een dramavraag (Vraag 1) wat jy moet beantwoord en vier prosavrae (Vraag 2, 3, 4 en 5) waarvan jy slegs een moet beantwoord.
 5. In Afdeling B moet jy die eerste vraag (Vraag 6) beantwoord. Daarna moet jy óf Vraag 7 óf Vraag 8 beantwoord.
 6. Lees die instruksies by elke vraag noukeurig deur sodat jy presies weet wat van jou verwag word.
 7. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.
 8. Begin elkeen van die vier vrae boaan 'n nuwe bladsy in jou antwoordboek.
 9. Let op die puntetoekenning van die verskillende vrae en beplan jou tyd daarvolgens.
 10. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
 11. Skenk aandag aan taalversorging.
-

AFDELING A LETTERKUNDE**DRAMA****Instruksies vir dramavraag**

- Hierdie vraag is verpligtend.
- Hoewel dit nie bepaal sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- Die vraag bestaan uit 'n stelling oor die drama waarop jy **argumenterend** in 'n mini-essay moet reageer.
- Jou inleiding moet duidelik aantoon of jy met die stelling saamstem of nie en ook jou hoofargument verwoord.
- Ondersteun jou argumente deurgaans met verwysings na en/of aanhalings uit die teks.
- Jou gevolgtrekking moet terugverwys na jou hoofargument en 'n duidelike slotsom gee.
- Bring die woordtal (ongeveer 400 woorde) onder jou mini-essay aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou mini-essay gebruik word.

VRAAG 1 Die dag is bros deur Wessel Pretorius

Die woorde in die titel *Die dag is bros* sluit aan by die uitspraak van die (wit) karakter Tertius as twaalfjarige: "Onder in die swembad voel die dag nie ... voel die dag nie asof dit enige oomblik kan breek nie ... Bros? Ja, ek dink die beter woord is bros. Anyway, alles is bymekaar en koel en veilig onder in die swembad."

[Pretorius, Wessel. 2017. *Die dag is bros. Sandton City grootdoop*. Pretoria: Protea Boekhuis.
Visagie, Andries. 2018. *Tydskrif vir letterkunde*. 55(2): 25.]

STELLING

Die **titel** van die drama is uiters geslaagd aangesien dit die "**brosheid**" van die **dag waarop die handeling plaasvind**, asook die **breekbaarheid** van die karakters se **herinneringe** en **die lewe self** vasvang.

OPDRAG

Skryf 'n mini-essay waarin jy argumenterend op hierdie stelling reageer.

In jou gevolgtrekking moet jy aantoon hoe die slot van die drama aansluit by die titel.

[30]

PROSA

Instruksies vir prosavraag

- Twee vrae word oor elk van die twee voorgeskrewe romans gestel waarvan jy slegs een vraag moet beantwoord;
óf Vraag 2 óf Vraag 3 (oor *Die verevrou* – Jan van Tonder)
óf Vraag 4 óf Vraag 5 (oor *Die dag van die lord* – Johan Kruger)
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- Jou inleiding moet reeds duidelik aantoon wat die uitgangspunt(e) van jou opstel is.
- Ondersteun jou stellings deurgaans met verwysings na en/of aanhalings uit die teks.
- In jou gevolgtrekking moet jy terugverwys na jou hoofargument en telkens die verwagte inhoud, soos aangedui by elke vraag, aanspreek.
- Bring die woordtal (ongeveer 600 woorde) onder jou literêre opstel aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou literêre opstel gebruik word.

VRAAG 2 *Die verevrou* deur Jan van Tonder

"Jare later kom Liora, steeds verwonderd oor die skoonheid van volstruisvere, in die Klein-Karoo aan om oom Moshe te besoek. Hier ontmoet sy Candice, ook behep met volstruisvere, 'n priester, 'n kunstenaars en ander Kannalanders. Haar lewe word opnuut omgedop, en weer eens lê daar 'n grens voor haar – en sy moet besluit of sy dit sal oorsteek."

[Van Tonder, Jan. 2019. *Die verevrou*. Kaapstad: Human en Rousseau. Blakerteks.]

OPDRAG

Bespreek in 'n literêre opstel die **fisiese** en **emosionele grense** wat deur verskeie karakters in *Die verevrou* oorgesteek moet word. Verwys in jou bespreking na ten minste **DRIE karakters**.

In jou gevolgtrekking moet jy aantoon of Liora Papalato uiteindelik die grens (waarna die aanhaling hierbo verwys) kon oorsteek.

[30]

OF

VRAAG 3 Die verevrou deur Jan van Tonder

Liora vra haar ma: "Hoe kry mens so lief soos jy en oom Moshe; hoe dra mens dit deur tyd en afstand en teenstand?" Haar ma antwoord: "Die liefde dra jóú, Lioratjie, dis nooit andersom nie."

[Van Tonder, Jan. 2019. *Die verevrou*. Kaapstad: Human en Rousseau.]

In dié roman maak ons kennis met verskillende tipes liefde: **manipulerende liefde, verbode liefde, onbeantwoorde liefde** en **gesonde en ongesonde liefde tussen ouer en kind**.

OPDRAG

Verduidelik in 'n **literêre opstel** watter invloed hierdie verskillende tipes **liefde** op **twee karakters** se **lewensiening** en uiteindelijke **volwasse geluk** het.

In jou gevolgtrekking moet jy duidelik aantoon of enige van hierdie karakters **ware liefde** in hulle volwasse lewe kon vind.

[30]

OF

VRAAG 4 Die dag van die lord deur Johan Kruger

Lord Kitchener se Anglo-Boereoorlog het Andries Fourie se lewe verbrysel. ... Jare ná die Boereoorlog en aan die vooraand van die Eerste Wêreldoorlog het Andries vir Kitchener in sy visier.

Van die verbrande aarde by Bethal en Irene tot in Duitsland, die sensorkantore in Whitehall en Windermere, ontknoop 'n verhaal deels gebaseer op ware gebeure wat die geskiedenis onherroeplik kon verander het.

[Kruger, Johan. 2015. *Die dag van die lord*. Kaapstad: Umuzi. Rugteks.]

OPDRAG

Bespreek in 'n literêre opstel die komplekse manier waarop die roman, *Die dag van die lord*, die **traumatiese geskiedenis** van die Suid-Afrikaanse Oorlog **opsoek** en **problematiseer**.

In jou gevolgtrekking moet jy aantoon hoe die **leser se ervaring** van die geskiedenis deur **historiese romans** soos dié geraak word.

[30]

OF

VRAAG 5 ***Die dag van die lord* deur Johan Kruger**

Wanneer Andries Fourie in London aankom, ontmoet hy die aanvallige Jennifer Cameron en hulle raak betrokke in 'n komplekse verhouding tussen 'n Boer en 'n Skotse meisie (m.a.w. 'n Britse onderdaan). Andries het egter "die gevoel van liefhê iewers tussen die brandende kanseldoek en graf nommer 864, Standerton-konsentrasiekamp, verloor." (bl. 229)

[Kruger, Johan. 2015. *Die dag van die lord*. Kaapstad: Umuzi.]

OPDRAG

Verduidelik in 'n literêre opstel hoe Andries se **siening en ervaring** van **liefde en vergiffenis** bydra tot die **eksterne en interne spanningslyn** van die roman.

In jou gevolgtrekking moet jy duidelik aantoon hoe die liefde tussen Jenny en Andries hulle **toekoms** beïnvloed.

[30]

60 punte

AFDELING B

TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

VRAAG 6

VERPLIGTE VRAAG – REDAKTEURSBRIEF

LAATONTBYTE *Eiers kraai koning!* #201

WATERBERG
Ry sy agterpaaie
verby koedoebulle
met driedraaihorings

KLEINMOND
Kom kuier tussen
berge en branders

Weg!
JOU REIS
BEGIN HIER
APRIL-MEI 2022

DIE TUINROETE
*Pret en plesier op die Keurbooms,
Goukamma, Homtini en Storms*

**Drie ongerepte
reservate van die
WILDEKUS**

REISJOERNAAL Dot Bekker ry lekker... deur Noord-Afrika!
STAP saam met sebras en kameelperde naby Mbombela
BLY HIER 'n Wegkruipnaweek in die Groot-Winterhoek
TOERUSTING Sewe watersakke vir stap, trap en draf
FOTOPORTEFEULJE Sien die Karoo in 'n nuwe lig

R100 (BTW ingesluit)
Namibie N\$100

3 771810 22300-4

0 5 2 0 1

[Bron: *Weg!* April–Mei 2022.]

OPDRAG

Skryf die redakteursbrief vir die buitelewetydskrif *Weg!* van April–Mei 2022.

BELANGRIK

- Gebruik die inligting op die voorblad hierbo om lesers opgewonde te maak om die tydskrif te lees. Jy mag ander detail of staaltjies byvoeg om jou redakteursbrief aan te vul.
- Verskaf 'n opskrif wat die hooftema van jou brief kortliks saamvat.
- Die styl is informeel en die toon is inspirerend.
- Jou redakteursbrief moet ongeveer 250 woorde beslaan. Skryf jou woordtal onderaan jou teks.

[20]

EN

BEANTWOORD VRAAG 7 OF VRAAG 8

VRAAG 7 KEUSEVRAAG – KLAGTEBRIEF

Pa vies ná juffrou eis hy moet 24 kinders uitnoui

21 April 2022



'n Ouer is ontstoke omdat 'n onderwyseres hom probeer dwing het om 24 kinders en hul ouers na sy seun se verjaarsdagpartytjie uit te noui.



Argieffoto (Foto: Georg H./Pixabay)

Die man het sy mening op die sosialemediawebwerf Reddit gedeel ná 'n gesprek met sy sesjarige seun se onderwyseres. Sy wou hom dwing om sowat 72 mense (24 kinders en hul ouers) na sy seun se verjaarsdagpartytjie uit te noui.

Die pa sê die juffrou het hom gebel om te sê sy is bewus daarvan dat hy slegs 'n paar kinders, sy seun se maats, uitgenoui het, en nie al die kinders in die klas nie.

Die pa verduidelik dit is omdat sy seun "probleme" het met van die ander kinders in die klas en hulle nie soveel mense by hul huis kan akkommodeer nie. Die juffrou het egter laat weet dat hulle 'n "reël" in die klas het.

"Sy sê daar is 'n reël dat indien enige kinders in die klas genoui word, al die kinders genoui moet word. Ek het vir haar gesê dit is 'n geleentheid buite skoolure by 'n privaat eiendom. Sy kan nie vir my sê wat ek by my huis moet doen nie, en wie ek moet uitnoui of nie."

[Bron: <<https://maroelamedia.co.za/vreemdhede/pa-vies-na-juffrou-eis-hy-moet-24-kinders-uitnoui/>>]

OPDRAG

Skryf 'n klagtebrief van een van die seun se ouers aan die skoolhoof waarin hy/sy hulle ontevredenheid oor die onderwyseres se gedrag uitspreek. Die klagtebrief moet per e-pos gestuur word.

BELANGRIK

- Die klagtebrief se inhoud moet ongeveer 250 woorde beslaan.
- Die toon en styl moet die ouer se ontsteltenis weerspieël, maar moet steeds ernstig en beleefd wees.

[20]

OF

VRAAG 8

KEUSEVRAAG – PROMOSIEKOPIE

NUUT!
Met endemiese voëls en aksiekaarte

Leer speel-speel van SA se skaars en spesiale voëls

"My reservaat is beter as joune!"

"Gee vir my ál jou aasvoëls!"

"Whê, ek het die joker!"

R139
(Posgeld uitgesluit)

Bestel nou!

Tjirpie 2 is hier!
Die 3-in-1-speletjie
Kry die gesin bymekaar, want Tjirpie 2 het 'n speletjie vir Klein-Piet, Ousus én die grootmense. Die jonges kan gewoon Top Trumps-kaarte (met 'n kinkel of twee) speel. Of vul julle Tjirpie 1-pak aan en speel Top Trumps met baie kaarte.
Vir ouer kinders is daar 'n uitdagender kaartspel waar hulle 'n voëlreservaat met 'n verskeidenheid voëls moet vestig. Spelers ruil kaarte uit om die beste voël-pakkies te skep. Hoe meer uiteenlopend, skaars of bedreig jou voëls, hoe gewilder jou reservaat. Julle gaan beslis julle grys-oor voëls, hulle rol in die natuur én hoe jy kan help met hulle bewaring.
Illustrasies deur Faansie Peacock

Weg! Tjirpie 2
Voëlreservaat

Grasull
100 g
420 g

Kuifkopduiker
750 g
54 cm
SYN 2 OORDE

OUDERDOM 8+
SPELERS 2-4
VOËLS 40

Tjirpie 2 is nou te koop by alle groot winkels teen R139 (kyk op die tydskrifrak) of bestel een aanlyn – gaan na weg.co.za. EFO- én kredietkaartbetalings-opsies is beskikbaar. Jy kan ook Tjirpie 1 aanlyn bestel teen R100. Stuur 'n e-pos na verkoop@media24.com of bel 021 406 2205 vir navrae.

[Bron: Weg! Februarie – Maart 2021.]

OPDRAG

Skryf die promosiekopie vir die *Weg! Tjirpie 2*-kaartspel in die advertensie hierbo. Rig jou teks aan ouers. Jou toon en styl moet van so 'n aard wees dat dit hulle sal oortuig dat hulle kinders graag die speletjie sal wil speel.

BELANGRIK

- Die promosiekopie se inhoud moet ongeveer 250 woorde beslaan.
- Die toon en styl moet motiverend van aard wees.
- Die promosiekopie sal in die aanlyn weergawe van *Weg!* op Netwerk24 verskyn.

[20]

40 punte

Totaal: 100 punte